

KOLOSSENSE-REEKS NO 1

JESUS IS BELANGRIKER AS WAT JY DINK

Kol 1:12-22 Met blydskap moet julle die Vader dank wat julle geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig. (13) Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. (14) Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes. (15) Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. (16) God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. (17) Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. (18) Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. (19) God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon (20) en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen. (21) Ook julle was voorheen ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom, soos blyk uit julle sondige lewenswyse. (22) Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel.

KOLOSSENSE 1: 12-22

JESUS IS BELANGRIKER AS WAT JY DINK

- 1 JESUS IS ONS NUWE KONING (VS 13,14)
- 2 JESUS IS DIE BEELD VAN GOD (VS 15)
- 3 JESUS IS BO ALMAL EN ALLES (VSS 15B-17A)
- 4 JESUS IS DIE INSTANDHOUER VAN DIE SKEPPING (VS 17)
- 5 JESUS IS DIE HOOF VAN DIE KERK (VS 18)
- 6 DEUR JESUS HET DIE GROOT VERSOENING GEBEUR (VS 20-22)



SAAM-PRAAT-VRAE:

- 1 Hoe belangrik is Jesus vir jou in jou lewe? (Vertel en beskryf in eie woorde)
- 2 Watter van die 6 beskrywings van Jesus in die gedeelte (preek) het jou die meeste geraak? Waarom?
- 3 Watter plek het Jesus in ons lewe van elke dag? bv in ons gesin, werk, beplanning, ontspanning ens.
- 4 Watter dinge glo of doen mense ook vandag wat 'n mens laat wonder of Jesus vir hulle voldoende is?
- 5 Watter reaksie of antwoord is gepas van ons kant as Jesus dan regtig so belangrik is?